# Universiteit van Pretoria Jaarboek 2016

## Professionele etiek en praktyk 451 (BPE 451)

| | |
|---|---|
| **Kwalifikasie** | Voorgraads |
| **Fakulteit** | Fakulteit Geesteswetenskappe |
| **Modulekrediete** | 8.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 1 lesing per week, 2 tutoriale per week |
| **Onderrigtaal** | Beide Afr en Eng |
| **Akademiese organisasie** | Dogmatiek en Christelike Etiek |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Die module het 'n tweevoudige doel: (i) om studente bewus te maak van die morele dimensie van die ingenieursprofessie, en (ii) om hulle te help om die nodige etiese vaardighede te ontwikkel om morele kwessies in die beoefening van dié beroep te hanteer. Aandag word aan belangrike begrippe en benaderinge in die professionele etiek en aan gepaste metodes van morele probleemoplossing gegee. 'n Aantal van die belangrikste morele kwessies waarmee ingenieurs gekonfronteer word, word ook behandel: Wat beteken dit om 'n verantwoordelike en eerlike ingenieur te wees? In hoe verre het ingenieurs die verpligting om risiko's te vermy en veiligheid te bevorder? Hoe moet verskillende verwagtinge wat aan die ingenieur as professionele persoon en as werknemer gestel word, hanteer word? Hoe ver strek ingenieurs se verantwoordelikheid ten aansien van die omgewing? Hoe kan ingenieurs op 'n moreel verantwoorde wyse in 'n internasionale konteks funksioneer? Tydens besprekingsklasse word 'n aantal gevallestudies wat hierdie morele kwessies belig, indringend bespreek.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.